HOE OM NA GOD TE LUISTER (3)
29 Oktober 2006
Ds Freddie Schoeman

Ons is besig om die vraag te vra: [Skyfie 10]*Hoe luister ons na God?*

Hoekom moet ons luister? Ons het laas week gekyk na 'n aantal redes wat ek nie weer gaan herhaal nie. Vanoggend wil ek kyk na 'n ander rede.

Op 31 Oktober 1517 - byna 500 jaar gelede - het Marin Luther sy 95 stellinge teen die deur van die slotkerk in Wittenburg vasgespyker. Dit was in 'n tyd van geweldige kultuurveranderings. (Renaissance; Galileo, Copernicus; boekdrukkuns - kennisrewolusie). Ons dit beskryf as 'n kultuurstorm.

Op 31 Oktober 1991 - 15 jaar gelede - het drie weersisteme aan die kus van Amerika met mekaar gebots. Die resultaat was die perfekte storm. Die vissersboot, die Andrea Gail, was in die middel van die storm. Die Andrea Gail het nie kans gehad nie. (Sebastiaan Junger het 'n boek daaroor geskryf en in 2000 is 'n fliek daaroor gemaak met die naam: "The Perfect Storm".)

Leonard Sweet (Amerikaase kultuurhistorikus en toekomskundige - oftewel 'n kulturele "weerkundige") wys daarop daar is drie kulturele weersisteme besig om die kerk te tref. Die kerk is midde in die perfekte kultuur-storm.

As daar ooit 'n tyd was vir ons as die kerk om fyn te luister na wat die Here sê, dan is dit nou!

---ooo---000---ooo---

Tot dusver het ons gekyk *na wie* luister ons in die proses om na God te luister: nl. [Skyfie 11] God se Woord, [Skyfie 12] na mekaar en [Skyfie 13] na ander en die tye. [Skyfie 14] En ons het nie klaar geluister voordat ons nie oorgaan tot doelgerigte diens nie.

Ons het ook gekyk na die regte houding en gesindheid wat ons moet hê as ons regtig na God wil luister: [Skyfie 15] *leerbaarheid* wanneer ons na God se Woord luister; [Skyfie 16] *vertroue* wanneer ons na mekaar luister; [Skyfie 17] *deernis* as ons na ander en die tye luister. [Skyfie 18] En dan moet ons *openheid* aan die dag lê wanneer ons wil oorgaan tot doelgerigte diens.

Maar *hoe* dan? [Skyfie 19] Om ons te help hiermee is 'n luistersiklus ontwikkel. [Skyfie 20]

Hierdie luistersiklus bestaan hoofsaaklik uit drie bewegings (die drie groot sirkels op die agtergrond. Die eerste beweging is *rus.* (links bo) Die tweede beweging is *hoor*, (onder) en die derde beweging is *leef* (regs bo). Dit is dus basiese ritme: ons moet eers tot rus kom by God. Daarna moet ons hoor. En dan moet ons dit wat ons gehoor het gaan leef of doen.

Binne elke beweging is daar 'n aantal stasies: ...

Verlede week het ons gekyk na die rus-beweging en die eerste stasie van die die hoor-beweging. Vandag kyk ons na die volgende twee stasies van die hoor-beweging.

Net om vinnig weer te hersien:

Rus - twee dinge: [Skyfie 21] ingenooi deur God - God nooi ons in sy teenwoordigheid in (Kom na my toe ...) [Skyfie 22] ingaan in God se tyd - beteken dat ons ons eie besige programme en agendas vir 'n tyd lank los en te fokus op God se agenda; die beste manier om dit te doen is om die kerklike jaar te vier.

Dan gaan ons na die hoor-beweging [Skyfie 23]... eerste stasie daar is: luister na God se Woord. Ons het verlede week gesien dat ons op twee maniere na God se Woord kan en moet luister: met ons verstand (kop) en met ons hart. Dis soos die twee vlerke van 'n voël.

Wanneer ons regtig na die Woord *luister*, dan gee die Here dikwels (nie altyd nie), vir ons 'n woord, frase of sin; dit is asof die Gees 'n spesifieke woord, frase of sin net op ons hart druk. Ons weet nog nie hoekom nie, maar ons weet die Here is besig om te praat. Ons sal eers weet wat die Here vir ons sê as ons na die res van die luistersiklus beweeg. *Ons bêre dit voorlopig in ons agterkop*.

Die volgende stasie in die hoor-beweging is om na mekaar te luister.

[Skyfie 24]

Voordat ons na mekaar luister, is dit nodig om gereeld na onsself te luister.

Terwyl ons bewus is van die Here se teenwoordigheid, tree ons 'n tree na binne ...

- Wat is die groot sake in my lewe op die oomblik? / Wat neem op die oomblik groot gedeeltes van my tyd / gedagtes in beslag?
- Is dit dinge wat my opgewonde maak / bang / bekommerd maak?
- Wat bring op die oomblik vreugde in my lewe?
- Wat bring hartseer / ontsteltenis? (Wat neem vreugde weg?)

En dan gaan haal ons dit wat ons in ons agterkop gebêre het en ons bring dit in verband met ons lewens. Wil die Here vir ons iets sê?

- 'n Trooswoord? (Bemoedig ens.)
- 'n Vermaning? (Gaan maak reg ...)
- 'n Opdrag? (Gaan doen dit ...)
- 'n Boodskap om mee te deel?
  - Vir iemand spesifiek
  - Vir die gemeente
  - Vir die gemeenskap / land / wêreld

En dan is ons gereed om na mekáár te luister. Dit is 'n Bybelse opdrag: *My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou om te praat nie en nie te gou om kwaad te word nie.* (Jakobus 1:19)

Dietrich Bonhoeffer het gesê: *Hy wat nie meer na sy broer en suster luister nie, sal binnekort ook nie meer na Christus luister nie.*

Paul Tillich: *Die eerste plig van die liefde is om te luister.*

Om na iemand anders te luister is baie moeilik. Die rede daarvoor is hoofsaaklik interne geraas. Ons eie gedagtes (drome en begeertes; bekommernisse en angs; hartseer en pyn) kom dikwels in die pad. Dis een rede waarom dit nodig is om gereeld na onsself te luister, sodat ons hierdie interne geraas eers kan stilmaak. Wanneer ons 'n slag ordentlik na onsself luister, dan is ons vry om na ander te luister.

Om na iemand te luister beteken dat ons onbevange sal luister, sonder om te oordeel, met 'n onvoorwaardelike aanvaarding. Ons vind onsself dikwels in die stories van ander.

John Ackerman: *Die paradoks is, at hoe meer uniek en spesifiek my storie is, hoe meer sal iemand anders daarin 'n stukkie van hulle eie storie herken.*

Hoe luister ons na mekaar? Die eggo-tegniek.

---ooo---000---ooo---

[Skyfie 25]Nadat ons na mekaar geluister het, moet ons ook na "ander" luister. Wie is die "ander"? Ander is mense wat nie teenwoordig is nie / of nie normaalweg deel van ons groep is nie / met wie ons nie normaalweg te doen kry nie.

Dit is ook ons konteks, die tydsgees waarin ons leef, die omstandighede waarbinne ons leef. Ons leef deesdae in 'n wêreld wat klein geword het. (20 jaar? Vandag: oombliklik).

Die Here is nie net in die kerk nie - Hy is in die wêreld aan die werk. Hoe meer ons na ander luister, hoe meer vind ons uit hoe en waar die Here aan die werk is. En die Here stuur ons na die wêreld toe waarbinne Hy reeds besig is ... Hy nooi ons uit om saam met Hom te werk.

Om na ander te luister beteken dat ons al hoe meer bewustelik sal waarneem wat om ons aangaan; dat ons die oogklappe van selfgerigtheid sal afhaal en sal raaksien / raakhoor wat besig is om te gebeur - spesifiek wat besig is om met *mense* te gebeur; maar ook wat mense dink en doen.

Perfekte Storm:

Een van die kulturele weersisteme wat om ons besig is om die kerk te tref is die beweging van modernisme na postmodernisme in die westerse kultuur. Die moderne mens is verstandsgerig - was daarom geneig om God vir alle praktiese doeleindes uit hulle lewens uit te rangeer. Die kerk was gerat vir die moderne mens - baie verstandsgerig.

Die postmoderne mens wil God weer terughê in hulle lewens. Daar is vandag 'n hernude soeke na God by die postmoderne mens. Daar's net een probleem: hulle soek nie God in die kerk nie. Die kerk is vir hulle te modern. Hulle wantrou die kerk. Hulle gaan soek God by die oosterse godsdienste en elders.

Onlangse navorsing (harde wetenskaplike navorsing!) wys daarop dat al hoe meer mense hulle rug draai op die kerk.

Al hoe meer mense word moeg vir kerke wat religieuse speletjies speel in stede daarvan om te doen wat God van hulle verwag. Navorsing wat onder hierdie mense gedoen is dui daarop dat hulle moeg is vir eredienste wat nie meer op God gerig is nie en bedieningsprogramme wat nie vrug dra nie. Hulle weier om

kerkleiers te volg wat hulle eie visie najaag in stede van God s'n en vir wie hulle eie populariteit belangriker is as die verkondiging van die waarheid.

Hulle weier ook toenemend om geld te gee vir mensgemaake monumente wat tekenend is van die leier se prestasie as die eer van God. Volgens hulle het Jesus nie aan die kruis gesterf om kerkouditoriums vol te maak of om manjefieke kerkkampusse te befonds of om verbeeldingryke programme van stapel te stuur nie.

Ons raak dikwels so vasgevang in ons eie kerk-wees dat ons nie bereid is om te hoor wat dink *ander* van die kerk nie. En daarom is die kerk nie gerat vir wat besig is om te gebeur nie.

Leonard Sweet praat van 'n Perfect Storm wat besig is om die kerk te tref. Op 31 Oktober 15 jaar gelede drie weersisteme aan die kus van Amerika met mekaar gebots. Die resultaat was die perfekte storm. Hulle het nie eers 'n naam daarvoor gehad nie.

Hy sê daar is drie kulturele weersisteme wat besig is om die kerk te tref - een daarvan is die postmodernisme. (Die ander twee: christelike kultuur val plat / globalisasie). Nog nooit tevore was die kerk onder soveel druk en in soveel gevaar nie.

Gaan die kerk oorleef? Ja, ongetwyfeld - Jesus is die Koning van die kerk. Maar 'n radikale reformasie - soos die reformasie van amper 500 jaar gelede - is nodig. Dit verg dat ons fyn sal moet luister na die stem van ons Herder. Ons sal in gehoorsaamheid Hom moet volg.

Kuswag se leuse: ons moet uitgaan, ons hoef nie terug te kom nie.

---ooo---000---ooo---

Volgend week kyk na die res van die luistersiklus: [Skyfie 26] luister weer na God se Woord; Fokus op wat God nou doen [Skyfie 27] en Antwoord met ons lewe [Skyfie 28]

Ek wil u weer eens uitnooi: kom ons gaan sit aan die voete van die Here en gaan luister wat Hy vir ons te sê het: [Skyfie 29]

- Onsself
- Ons as gesinne
- Ons as gemeente / kerk
- Ons as gemeenskap
- Vir ons land
- Vir die wêreld

Ons kan op die volgende wyse te werk gaan [Skyfie 30]:

Luistergroepe
Terugvoer
Jeremia